Redaksioneel

Toe ek die oproep uitgestuur het om bydraes vir hierdie *Festschrift* te vra, het kollegas van heinde en verre positief gereageer – ’n teken van die hoë agting, respek en waardering vir Tjaart van der Walt, ’n “slaaf van Christus” onder ’n wye kring navorsers!

Die artikels waarmee die verskillende outeurs Tjaart van der Walt huldig, is nie rondom ’n bepaalde tema beplan nie, en tog is die persoon wat Tjaart van der Walt is en die werk wat hy gedoen het, ’n samebindende faktor. Die *Festschrift* se 22 artikels kan saamgegroepeer word onder nege groter temas:

(1) Hermeneuties-metodologiese temas (4 artikels);

(2) Jesus en die Evangelies (5 artikels);

(3) Pauliniese briewe (3 artikels);

(4) Kerkleiding (1 artikel);

(5) Prakties-Teologiese artikels (3 artikels);

(6) Bio-etiek (1 artikel);

(7) Sistematiese Teologie (2 artikels);

(8) Vroeë interpretasie van die Psalms (1 artikel);

(9) Vroeg-Christelike geskrifte (2 artikels).

Hermeneuties en metodologies: Die eerste artikel van die *Festschrift* bied *Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese*. Die outeurs, Douw G. Breed, Fika J. van Rensburg en Jorrie Jordaan (NWU) maak ’n bestekopname van die hermeneutiese vertrekpunte van die gereformeerde eksegese, en verryk dit vanuit nuwe insigte wat oor die afgelope halfeeu van hermeneutiese besinning na vore gekom het. Gerrie Snyman (UNISA) stel in sy artikel, *’n Etiek van Bybellees en ’n hermeneutiek van weerloosheid*, ’n hermeneutiek van weerloosheid voor met die doel om ’n Bybelleesproses te fasiliteer waarvolgens daar nie meer vír mense

Bybel gelees word nie, maar mét hulle. Hans van Deventer (NWU) neem die grammaties-historiese metode van Bybelverklaring onder die loep met sy artikel, *Grammaties-historiese eksegese: quid est et quo vadis*?. Hy wys bepaalde leemtes in die benadering uit, en maak voorstelle vir aanpassing van hierdie metode. Pieter du Plessis (NWU) bepleit *'n Werkgroep vir Teologie, Filosofie en ander vakdissiplines*. Hy beweeg weg van die onderskeid dat teologie "sakrale geloofswetenskap" en filosofie "sekulêre rasionele diskoers" is, en oordeel dat teologie en filosofie nie sonder "geloof" en grondslaekwessies beoefen kan word nie.

Jesus en die Evangelies: Die vyf artikels oor Jesus en die Evangelies word ingelei deur Andries van Aarde (UP) se *Tekste, ko-tekste en kon-tekste van die leë graf in die Jesus-tradisie*. Hy skryf vanuit 'n pragmaties-linguïstieke perspektief wat 'n onderskeid tref tussen die begrippe *tekste*, *ko-tekste* en *kon-tekste*. Hy argumenteer dat die leë-graftradisie ontwikkelingsfases deurloop het, wat hy as 'n trajek met vyf skakels voorstel. Die artikel eindig met 'n persoonlike getuienis oor die opstandingsgeloof. Ben de Klerk (NWU) skryf oor *Jesus se gesaghebbende prediking as onderbou van sy opdrag om te gaan doop*. Hy kom tot praktyk-teoretiese gevolgtrekkings oor die uitwerking wat die gesag van Jesus se prediking op die doop het. In sy artikel, *The foundational statement in Matthew 5:17-20 on the continuing validity of the law*, beredeneer Francois Viljoen dat, indien die verskillende elemente van die stelling versigtig binne konteks gelees word, die samehang duidelik is, en dat die stelling 'n inherente deel van die Bergrede en die res van die Evangelie vorm waarin Matteus op 'n pastorale manier die kommer van sy gemeenskap oor geregtigheid hanteer. Fritz Krüger (NWU) se artikel, *Jesus se tafelgemeenskap met tollenaars en sondaars: aspekte van 'n missionêre ekklesiologie*), beredeneer dat Jesus se tafelgemeenskap met belastinggaarders en sondaars 'n motief daarvoor verskaf om 'n missionêre ekklesiologie daar te stel. Jan van der Watt (Radboud Universiteit en NWU) skryf oor *The gospel of John's perception of ethical behaviour*. Hy ondersoek die manier waarop die outeur van Johannes etiese aksies definieer, en kom tot die gevolgtrekking dat die analitiese kategorieë waarvolgens etiek in die Evangelie van Johannes hanteer word, verbreed moet word.

Pauliniese briewe: Andries Snyman (UV) bied *'n Teksgesentreerde retoriese analise van 1 Korintiërs 4* aan. Hy voer addisionele bewyse aan dat dit onnodig is om antieke retoriese kategorieë van buite op die hoofstuk af te dwing ten einde sin te maak van Paulus se retoriese strategie, maar dat dit betreklik akkuraat uit die teks self gerekonstrueer kan word. Bert Floor (NWU), opvolger van Tjaart van

der Walt toe hy in 1977 rektor van die PU vir CHO geword het, lewer *Een blauwdruk voor de toekomst, Efeziërs 1:9-10*, ’n artikel waarin hy ’n verklaring gee van die frase *anakephalaisasthai ta panta* (om alles onder een hoof te verenig) in Efesiërs 1:10. Johnnie Roberts (UNISA) vra *Het Filemon vandag nog iets vir ons te sê?*. Hy bepleit dat nie gepoog moet word om etiese kwessies deur ’n stryery oor die interpretasie van losstaande tekste op te los nie, maar dat eerder op die boodskap van ’n boek as ’n geheel gekonsentreer sal word. Andrie du Toit (UP) se bydrae tot die *Festschrift, Die vertaling van Romeine: ’n aantal hardnekkige hoofpyne*, het reeds in ’n vorige uitgawe verskyn (*In die Skriflig, 44(3 & 4) 2010*). Aandag word gegee aan die δικ-groep, οἱ ἅγιοι, ἐν Χριστῷ κυρίῳ, hiperboliese kontraste, πνεῦμα, ὀργή en ὁμοιώμα. Hy bespreek verskillende vertalings en bied moontlike oplossings aan.

Kerkleiding: Douw Breed (NWU) fokus op die verskille tussen predikante in die GKSA in die leiding wat hulle uit die Woord gee met sy artikel, *Ooreenstemmende leiding deur die GKSA se bedienaars van die Woord: ’n ondersoek na die leiding van Petrus, Paulus en Jakobus by vier byeenkomste*. Hy gee riglyne aan voorgangers om ooreenstemmende leiding te bewerkstellig, op grond van sy bestudering van die leiding wat Petrus, Paulus en Jakobus by vier byeenkomste gegee het waar die vraagstuk van die Christene uit die nie-Joodse nasies hanteer is.

Praktiese Teologie: In *Pastorale begeleiding van die aangenome kind met betrekking tot die Vaderskap van God* ondersoek George Lotter (NWU) en Hennie Hoepfner (NWU) die betekenis van die Vaderskap van God by aangenome kinders en ook hoe hulle pastoraal daarin begelei kan word. In sy artikel, *Intelligensie op drie vlakke as ’n kernvereiste vir die bedienaar*, fokus Cassie Venter (NWU) op die vereiste dat die bedienaar op ’n verstandelik-, emosioneel- en sosiaal-intelligente wyse moet kan optree en handel.

Bio-etiek: In sy artikel, *Die menswaardigheid van die menslike embrio: die debat tot dusver*, fokus Koos Vorster (NWU) op sommige onlangse argumente in verband met die etiek van stamselnavorsing. Hy wys op die belangrikste etiese sake waaraan ’n Christelike etiek, uitgaande van ’n deontologiese etiese teorie, aandag behoort te gee om ’n bydrae tot die kontemporêre bio-etiese debat te lewer.

Sistematiese Teologie: By die verstaan en beskrywing van die verhouding tussen God en die mens, kom die prominente teodiseevraagstuk telkens na vore. Die hart van die problematiek is die eeue

oue worsteling om as gelowige die goddelike voorsienigheid in verband te bring met menslike lyding en teenspoed. Jan du Rand (UJ) vestig in sy artikel, *Hoe kan God dit toelaat? 'n Bibliologiese verryking van die teodiseevraagstuk uit 'n vergelyking tussen Openbaring en 4 Esra*, die aandag op die apokriewe geskrif, 4 Esra. In die ontvouing van die apokaliptiese narratief van 4 Esra kom verrassende insigte oor die teodiseevraagstuk na vore. Nico Vorster (NWU) bespreek in sy artikel, *Die imago Dei in protologiese, Christologiese en eskatologiese perspektief*, die belang van die konsep van die *imago Dei* vir teologiese antropologie. Hy beredeneer dat die Christologiese en eskatologiese inhoud wat die Nuwe Testament aan hierdie konsep gee, bepalend is vir die verstaan van die begrip en dat dit belangrik is vir die uiteindelike uitbou van 'n teologiese antropologie. Amie van Wyk (NWU) ontwikkel in sy artikel, *Van Calvinisme tot eksistensialisme: 'n teologiese gesprek met André P. Brink met verwysing na sy memoirs* , 'n teologiese gesprek met die skrywer André P. Brink oor die temas van Calvinisme en eksistensialisme.

Die Psalms: Herrie van Rooy (NWU) ondersoek *Die messiaanse interpretasie van die psalms in enkele Antiocheense en Oos-Siriese psalmkommentare*. Hy toon aan hoe die Antiocheense eksegete die psalms teen die agtergrond van die geskiedenis van Israel geïnterpreteer het, en vir elke psalm 'n historiese agtergrond gerekonstrueer het. Dit was in reaksie op die allegoriese interpretasie van die Aleksandrynse skool, wat die psalms allegories verklaar het en dikwels 'n Nuwe-Testamentiese interpretasie in die psalms ingelees het.

Vroeg-Christelike geskrifte: In sy artikel, *Origen's theological and mystical approach to the Scriptures in the introduction to his commentary on John's gospel*, ondersoek Paul Decock (UKZN en *St Joseph's Theological Institute*) die wyse waarop Origenes die Johannes-evangelie benader soos dit tot uitdrukking kom in die inleiding van sy kommentaar. Sebastian Fuhrmann (NWU en *Westfälische Wilhelms-Universität,* Münster) skryf oor die *Traditions of martyrdom in the Ignatian Letters*. Hy wil vasstel of Ignatius bygedra het tot 'n "teologie van martelaarskap", en of hy bloot steun op vorige tradisies.

Benewens hierdie outeurs, is daar ook kollegas wat graag wou bydra tot die *Festschrift* om só hulle agting vir Tjaart van der Walt te wys, maar wat deur omstandighede verhinder is. Hulle is André Grové (NWU), Bernard Combrink (US), Jan Botha (US), Rikus Fick (NWU), Sarel van der Walt (NWU), Francois Malan (UP), Callie Op-

perman (NWU), Nico Grönum (NWU), Wim Vergeer (NWU), Callie Coetzee (NWU), Benno Zuiddam (NWU), Hermie van Zyl (UV), en Dries du Plooy (NWU).

Fika J. van Rensburg
Gasredakteur